Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-06-24

Geagte ouers

NUUSBRIEF 15-2022

Water: U is deeglik bewus van die waterkrisis in die Kouga. Die water toevoer na die skoolgebou word ook daagliks tussen 10:00 en 16:00 ingeperk. Ons beheerliggaam het reeds pro-aktief opgetree en ons toilette word met fonteinwater gespoel. Daar is egter ‘n tekort aan drinkwater en ons versoek elke leerder om sy / haar eie waterbottel vir drink doeleindes van die huis af skool toe te bring.

AKADEMIE

Skole heropen: Die skole heropen volgende kwartaal om 07:30 op Dinsdag 19 Julie.

Rapporte / Ouer-onderwyservergaderings: U het vandag u kind se akademiese rapport ontvang. Geleentheid om die leerdervordering te bespreek word volgende kwartaal gehou. Ouer-onderwyservergaderings vind op Donderdag 21 Julie 2022 vanaf 17:00 tot 19:00 in die skoolsaal plaas. Voltooi asb. die ingeslote inligtingsbrief om u afspraak te bevestig.

KULTUUR

ATKV Redenaars: 3 van ons leerlinge het onder die top 10 geëindig in die semi-finale (provinsiaal) ATKV kompetisie. Amoné Jacobs (Gr. 2), Amé Spangenberg (Gr. 3) en Melita Steyn (Gr. 7). Veels geluk!

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Radikale Redenaars (virtueel): Ons leerlinge het aan die virtuele Radikale Redenaars kompetisie deelgeneem. Puik prestasies is behaal en Hanna Ferreira is gekies om Oktober aan die nasionale kompetisie te gaan deelneem. Veels geluk, Hanna.

Stulting Kunsfees: Ons Stulting Kunsfees vind plaas die eerste week in Augustus. Die kinders wat deelneem het reeds briewe ontvang. Die vakansie is ‘n ideale tydjie om ‘n bietjie te oefen vir die kompetisie. Inskrywingsgelde is betaalbaar by die skoolkantoor.

SPORT

Aloe Cup: Ons o/11 rugby- en o/13 netbalspanne neem van 23-25 Junie deel aan Laerskool Jeffreysbaai se Aloe Cup toernooi.

Kouga Sub-Unie Rugbytoernooi: Hierdie toernooi vind vanaf 23-25 Junie 2022 in Kareedouw plaas. Veels geluk aan die volgende spelers: Reghardt Conradie, Ezra Karolisin, Katleho Khomo, WWJ Spangenberg, Adom Malgas, JT Everton en Jehu Geswint asook mnr. Wian Pienaar (hulpafrigter) wat ons skool daar gaan verteenwoordig.

Cravenweek: Die o/13 Cravenweek Rugbytoernooi vind vanaf 26 Junie tot 1 Julie 2022 in Krugersdorp plaas. Qobo Hulana gaan ons skool daar verteenwoordig.

Gimnastiek: Beide Bendré en Dewald Duvenage het op 12 Junie aan die OP Gimnastiekfees deelgeneem. Beide ontvang hul Sarah Baartman kleure vir Artistiese Gimnastiek (*MAG*).

Buitemuurse-aktiwiteite: Alle buitemuurse aktiwiteite soos op die buitemuurse rooster aangedui, hervat op Maandag 25 Julie.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Sporttoer: Ons o/11A en o/13A/B-rugbyspanne asook die o/11A, o/12A en o/13A/B-netbalspelers toer op 28, 29 en 30 Julie. Hierdie spanne speel wedstryde in Oudtshoorn en Groot Brakrivier.

Stulting Sportdag: Ons jaarlikse sportdag word op Vrydag (26 Aug) en Saterdag (27 Aug) aangebied. Die tenniswedstryde, skaak asook Kodering en Robotika Kompetisie vind Vrydag by die skool plaas. Saterdag se rugby- en netbalwedstryde vind op die sportterrein van Hoërskool Nico Malan plaas.

Gewigoptel: Ezra Karolisin is gekies vir die Oos-Kaap Gewigoptelspan. Hy neem van 2-3 Julie in Gauteng aan die Suid-Afrikaanse Gewigoptel Kampioenskappe deel.

DISSIPLINE

Waarde Ambassadeurs: Veels geluk aan die volgende leerders wat aangewys is as Waarde Ambassadeurs vir die tweede kwartaal. Hierdie leerders het deurgaans positiewe waardes gedemonstreer.

Gr. RR	***Gr. R.1***	***Gr. R.2***
HEYNS, Lia	COERTZE, Eloise	FELIX, Mia
SNYMAN, Charlotte	EDWARDS, Nienke	DE BEER, Alana
VAN ZYL. Du Preez	VERMAAK, Riaan	MAALIN, Cubeyd
Gr. 1.1	***Gr. 1.2***	***Gr. 1.3***
BARNARD, Wian	DU PLESSIS, Elzé	JOSEPH, Courtney
BREDELL, Nina	HUMAN, Taylor	BROWN, Mickah Ava
OLIVIER, Annemari	COMMONS, Zahid	LOVEGROVE, Teagan

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Gr. 2.1	***Gr. 2.2***	***Gr. 2.3***
ALERS, Henko	VAN LOGGERENBERG, Saskia	LE BRON, Alan
DUVENAGE, Dewald	BORCHERDS, Caylib	MOUNTFORT, Lilly
GESWINT, Graeme	DU PLESSIS, Storm	PLAATJIES, Izabellah
Gr. 3.1	***Gr. 3.2***	***Gr. 3.3***
VAN TONDER, Kian	FERREIRA, Edward	KELLER, Thinus
COERTZE, Adelle	OPPERMAN, Wilhelm	KLEYNHANS, Tatum
SPANGENBERG, Amé	WESSELS, Leamé	MAHLATHI, Anqobile
Gr. 4.1	***Gr. 4.2***	***Gr. 4.3***
DE LANGE, Tashnique	LOURENS, Hannes	LENNOX, Isabella
KIRSTEN, Eloise	GESWINT, Leila	DE LANGE, Rheed
DU BRUYN, Nathan	SMUTS, Ané	GESWINT, Charlie
Gr. 5.1	***Gr. 5.2***	***Gr. 5.3***
VERMAAK, Mieke	FOURIE, Giano	BRINK, Joel
STRYDOM, Jualize	Alers, Lucia	VERMAAK, Stefan
SWARTS, Nayhum	BOTHA, Alex-Zander	KETTLEDAS, Keisha
Gr. 6.1	***Gr. 6.2***	***Gr. 6.3***
NEL, Jacobus	VAN STADEN, Estian	BLAKE, Micaela
ROOS, Chianté	THERON, Daniël	BEAUZICK, Chad
VAN DER WALT, Killian	WELCH, Mieke	DAVIES, Maddox
Gr. 7.1	***Gr. 7.2***	***Gr. 7.3***
YSEL, Anuscké	STEYN, Melita	KUSELO, Baxolise
ROSSOUW, Divano	SPANGENBERG, WWJ	CHIMBAMBA, Kirsty
DAVIS, Daniel	VAN ZYL, Anchen	CASTLE, Lexera

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

ALGEMEEN

COVID-19: Die verpligte dra van maskers is deur die nuutste Staatskoerant, No 11447 van 22 Junie 2022 teruggetrek. Dit is gevolglik nie meer nodig vir leerders, personeel en ouers om by die skool maskers te dra nie.

Ladies Lighthouse Gemeenskapsprojek: Baie dankie aan elke gesin en leerder wat skenkings skool toe gebring het vir die Ladies Lighthouse-projek.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF